



## God doen Altyd wat die Beste is

Ons het geleer dat God baie groot is. Hy is *almagtig*. Daar is *niks* wat God nie kan doen nie. *Alle* dinge is in sy Hand.

Somtyds is daar mense wat sê, “As God dan so groot is, waarom laat Hy my siek wees, of ongelukkig voel? Waarom is daar soveel probleme in die wêreld?”

Selfs al is ons siek of ongelukkig of hartseer, en al is daar moeilikheid of kom daar probleme, moet ons tog altyd aanhou glo dat God ons liefhet, en dat Hy altyd doen wat vir ons die beste is. *Hy* weet wat goed is vir ons almal, en *dit* laat Hy gebeur, al lyk dit vir *ons* nie altyd die beste nie.

Die Bybel vertel ons van 'n baie arm moeder wat in Egipte gebly het, en wat haar baba in die rivier moes gooi. Die bosa koning Farao het 'n wet uitgevaardig dat al die babaseuntjies van die Israeliete in die Nyl gegooi moes word, om te verdrink.

Die mamma was baie lief vir haar babaseuntjie. Sy wou *nie* haar seuntjie in die rivier gooi nie! Hoe kan 'n mens dan so 'n verskriklike ding doen! Maar sy het nie gedurf om hom te hou nie. Waarom het God dan toegelaat dat die koning so 'n wet laat afdwing?

Eendag het die seuntjie se mamma 'n mandjie van biesies gemaak. Sy het dit so mooi en versigtig geweef, dat dit soos 'n bootjie gelyk het. Sy het dit ook met pik besmeer en seker gemaak dat die bootjie nie lek nie. Sy het haar baba in die mandjie gesit en hom na die rivier toe gebring, saam met Mirjam, die baba se suster. Hulle steek toe die mandjie in die riete weg sodat dit nie kan wegdryf nie. Sy het geweet dat die koning se dogter, die prinses, na die rivier sou kom.

“Nou moet jy waghou”, het sy vir Mirjam gesê, “en kyk wat die prinses doen as sy ons babaseuntjie in die mandjie vind.”

Toe die prinses by die rivier aankom om te bad,

sien sy die mandjie en stuur een van haar diensmeisies om dit te gaan haal.

Toe sy dit oopmaak, sien sy die pragtige babaseuntjie. Die baba het begin huil. Die prinses het so jammer vir hom gevoel. Sy het *nie* die seuntjie in die rivier gegooi om te verdrink nie, nee, maar sy stuur toe vir Mirjam om iemand te gaan soek om vir die seuntjie te sorg. *Natuurlik* het Mirjam dadelik na die baba se *eie* mamma gehardloop! Niemand anders sou mos beter vir hom kan sorg nie!

Die mamma was so gelukkig! Haar baba word *nie* in die rivier gegooi nie, want die prinses het gesê sy kan hom 'n rukkie, tenminste vir 'n paar jaar, by haar hou.

Die prinses het die seuntjie “Moses” genoem, wat beteken: “Uit die water gehaal”.

Toe Moses grootword, sê die prinses hy is *haar* seun en moet nou in die paleis kom woon. Hy het saam met die Egiptenaars skoolgegaan en 'n baie slim man geword. Hy was nie 'n slaaf soos sy *eie* mense, die Israeliete, nie maar het 'n baie wyse en belangrike man geword.

Toe het *God* Moses geroep. Hy het hom geroep om God se volk, die Israeliete, uit Egipteland te lei. Moses kon dit doen, omdat hy in Egipte skoolgegaan het en 'n baie geleerde man geword het. So het die Here hom voorberei om 'n goeie leier te kan word.

Sien julle nou dat daardie moeder se swaarkry en moeilikheid toe nie verniet was nie, maar op die ou einde die beste was – vir haar, vir haar babaseuntjie Moses, en ook vir die Here se volk! God doen *altyd* wat die beste is!

Partykeer doen die Here dinge wat vandag vir ons moeilik is, of hartseer of bang maak. Partykeer laat Hy toe dat slegte mense verskriklike dinge aan ons doen. Maar al hierdie dinge is op die ou einde die *beste* vir sy kinders. Dan sê ons: Hy laat alles ten goede meewerk.” Dit moet ons altyd *onthou* en bly *glo*!

## **Gesels hieroor:**

1. As God moeilikhede oor ons laat kom, beteken dit dan dat Hy ons nie liefhet nie?
2. Wat moet ons doen as ons swaarkry of hartseer is?
3. Wat was die naam van die seuntjie in die biesiemandjie?

## **Die Bybel leer ons:**

*Regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges!*

(Openbaring 15:3)

## **Wat ons kan lees:**

*Matteus 27:27-31*

## **Kom ons sing hierdie lied:**

Gods dae is volmaak en goed,  
Sy wil is altyd heilig.  
Hy sal my altyd trou behoed  
En by Hom is ek veilig.  
Sy hulp is groot; In al my nood  
beskerm Hy teen gevare  
deur al my lewensjare.

## **Gebed:**

*Vader in die hemel, help ons asseblief om te glo en te weet dat U altyd goed is, en altyd doen wat vir ons die beste is. Help ons om op U te vertrou en om in U bly te wees, selfs as daar soms moeilike dinge met ons gebeur. Amen.*

## ***Deel 3: Bybelverse om te Onthou***

Kan jy elkeen van hierdie Bybelverse verduidelik?

1. In die begin het God die hemel en die aarde geskape (Genesis 1:1).
2. En God het die mens geskape na sy beeld (Genesis 1:27).
3. Laat hemel en aarde Hom prys (Psalm 69:35).
4. Regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges! (Openbaring 15:3).

Marian Schoolland

© 2018

[www.christelikemedia.org](http://www.christelikemedia.org)

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'  
is deur Marianne Bron vertaal.*